LAERSKOOL DALVIEW

GEKONTROLEERDE TOETS
GAUTENG – OOS (D5)

VAK: WISKUNDE

GRAAD 4

EKSAMINATOR: MEV A. BRITZ
MODERATOR: MEV M. WILLIAMS ______________
DATUM: 11 NOVEMBER 2024 TOTAAL: 50 PUNTE
TYD: 1 UUR

NAAM EN VAN: ____ **GR 4** ______

Instruksies:

1. Lees elke vraag versigtig deur voordat dit beantwoord word.
2. Volg die instruksies by elke vraag.
3. Skryf met 'n blou pen.
4. Moenie oorkrap nie, skryf netjies en leesbaar.
5. Gebruik oop spasies om somme uit te werk.
6. Doen bewerkings volgens metode wat gevra word.

Vraag	*Onderwerp*	*Punt*	*Punt behaal*	*%*	*Vlak*
1	Veelkeusige vrae	**10**			
2	Heelgetalle	**15**			
3	Breuke	**5**			1
4	Getalsinne en patrone	**7**		____ / **50**	2, 3, 4
5	Tyd en lengte	**5**			5
6	2D vorms	**4**		= ____%	6, 7
7	Omtrek, oppervlakte kapasiteit en volume	**4**			

Vraag 1 – Veelkeusige vrae

Lees die vrae versigtig deur en omkring die regte antwoord. **[10]**

1.1 Wat sal die volgende getal in die patroon wees as ek in 50's terug tel? (1)

Getalpatroon : 1 000; 950; 900; _______?

a. 750
b. 850
c. 800
d. 700

1.2 Wat is die plekwaarde van die vetgedrukte syfer as my getal 4 **7**34 is? (1)

a. Duisende
b. Ene
c. Honderde
d. Tiene

1.3 Benoem die onewe getal in die getalpatroon. (1)

Getalpatroon : 1 112 ; 1 115 ; 1 118

a. 1 112
b. 1 115
c. 1 118
d. 1 122

1.4 (65 + 25) + 15 = _____ + (25 + 15) (1)

a. 90
b. 65
c. 105
d. 40

1.5 Bepaal die volgende som se antwoord. (1)

Som = 300 x 3 = _______________

a. 90
b. 600
c. 303
d. 900

1.6 Benoem al die faktore van 6. (1)

a. 1,2,3,6
b. 1,3,6
c. 1,6
d. 6

1.7 Voltooi die volgende getalsin. (1)

Getalsin: 7 x 8 = 8 x ___________

a. 6
b. 7
c. 9
d. 8

1.8 Wat sal die antwoord van die volgende ekwivalente breuk wees? (1)

Breuk : $\frac{1}{4} = \frac{?}{16}$

a. $\frac{1}{4}$

b. $\frac{3}{4}$

c. $\frac{4}{16}$

d. $\frac{2}{16}$

1.9 Dit is nou **5.00 nm** op die analogiese klok, hoe sal dit geskryf word wanneer dit digitale tyd is? (1)

a. 05:00
b. 17:00
c. 12:00
d. 05.40

1.10 Hoeveel mililiter (*ml)* is daar in 1 liter (*l)* (1)

a. 100 ml
b. 10 ml
c. 200 ml
d. 1000 ml

Vraag 2- Heelgetalle [15]

2.1 Rangskik die volgende getalle van klein na groot (stygende orde). (1)

2 672	1 124	3 562	5 643

Antwoord: ____

2.2 Vergelyk die volgende getalle deur < ; > of = in te vul. (1)

3 672 _____ 3 762

2.3 Rond die volgende getal af tot die naaste 1 000 (1)

6 758 ≈ _____________

2.4 Bereken die volgende somme. (2)

a.
```
  8 976
+ 6 535
_______

_______
```

b.
```
  6 754
- 4 309
_______

_______
```

2.5 Bereken die volgende maal som. (3)

		5	2
x		4	2

2.6 Bereken die volgende deel som. (2)

4	4	6	8

2.7 Markus wil graag vir hom 'n skootrekenaar van R15 000 koop. Hy het al R13 432 gespaar. Hoeveel geld het hy nog nodig om die skootrekenaar te koop? (2)

____

____

2.8 Daar is sewe blokkies langs mekaar gepak. Elke blokkie is 8 cm breed. Wat is die lengte van die ry blokkies? Gee jou antwoord in mm. (3)



____

____

____

Vraag 3- Breuke [5]

3.1 Gebruik die vlindermetode om die volgende breuke te vergelyk. Vul < ; > of = in. (1)

$\frac{3}{5} \bullet \frac{4}{6}$

3.2 Bereken: (1)

$\frac{3}{7} + \frac{2}{7} =$ _____

3.3 Daar is 6 donuts in 'n boks. 3 donuts is sjokolade, 1 is kaneel, en die ander is suiker.

a. Watter breukdeel van die donuts is sjokolade? _________

b. Watter breukdeel van die donuts is kaneel? _________

c. Watter breukdeel van die donuts is suiker? _________ (3)

Vraag 4 - Getalsinne en patrone [7]

4.1 Skryf 'n getalsin vir die volgende:

Elke blom het 12 blare. Hoeveel blare is daar altesaam? (1)



Getalsin: ______________________

4.2 Voltooi die volgende numeriese patroon. (1)

5 ; 12 ; 19 ; _____

4.3 650 + 250 + _________ = 1 500 (1)

4.4 Bepaal die uitset waarde van die onbrekende in die volgende vloeidiagram. (2)



4.5 Voltooi die volgende tabel: (2)

Die reël is (x 5)

Inset	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	**10**
Uitset	3	6	9		15	

Vraag 5 – Tyd en lengte [5]

5.1 Kyk na die kalender hieronder en beantwoord die vraag wat volg

MAART 2024

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31

Verjaarsdae:
1ste- Lelani
12de- Chris
15de- Pieter
22ste- Keanu

Hoeveel dae is daar tussen Keanu en Pieter se verjaarsdae?

____ (1)

5.2 Johan ry 07:58 by die huis, maar kom eers 08:20 by die skool aan. Hoelank het hy skooltoe gery? (1)

____

5.3 Herlei die volgende:



500mm = _______ cm (1)

5.4 'n Blou pen is 5 cm en 7 mm lank. 'n Rooi pen is 48 mm lank.

a. Watter pen is langer? ________________________________ (1)

b. Hoe lank is die twee penne altesaam? Gee jou antwoord in mm _________ (1)

Vraag 6 – 2D vorms. [4]

6.1 Gee die naam van elk van die volgende vorms: (2)

Vorm	Naam van vorm
	
	

6.2 Omkring die vorms wat slegs geboë sye het. (2)

A	B	C	D
			

Vraag 7– Omtrek, oppervlakte, volume en kapasiteit [4]

7.1 Bereken die **omtrek** van die volgende vorm. (2)



Omtrek = ______________________________

= ______________________________

7.2 Bereken die oppervlakte van die ingekleurde gedeelte (2)



Oppervlakte = ________________

7.3 Wat is die kapasiteit van die maatbeker?



____